

Waarheid & Dwaling

VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL

JAARGANG 9, NO 3, Julie 2003

REDAKSIONEEL

Partyskappe moet daar wees

Onmin, konflik, onenigheid, verdeeldheid, skeurmakery – dit is woorde wat die kerklike debat die laaste maande, en in besonder die laaste weke oorheers. Dit is woorde wat eweneens in die Skrif voorkom. Rondom die Persoon en optrede van ons Here Jesus Christus het daar menigmaal onenigheid ontstaan. Daar het verdeeldheid onder die skare gekom, veral as die Here Jesus die Ou Testament oopmaak en wys hoe alles wat daar geskrywe is op Hom betrekking het (Johannes 7:43, 9:10, 10:19).

In sy eerste brief aan die Korintiërs verwys Paulus ook na skeuringe. Hy vermaan die gemeente van Korinte 'om almal eenstemmig te wees, en dat daar geen skeuringe onder julle moet wees nie, maar dat julle verenig moet wees in dieselfde gesindheid en in dieselfde mening' (1:10). Later in die brief, in hoofstuk 11, herhaal Paulus sy vermaning.

Skeuring

Die apostel kan die gemeente van Korinte nie prys oor die manier waarop hulle saamkom nie (11:17). Die boodskap het by hom uitgekom dat, as die gemeente in erediens vergader, 'daar

skeuring (skisma) onder julle is'. Die aard en omvang van die skeuring word nie in soveel woorde beskryf nie. Uit die konteks blyk dat daar in die gemeente verdeeldheid ontstaan het oor die verskillende voorgangers wat in Korinte die woord van die Here bedien het. Sommige is Petrus-aanhangers. Ander hou meer van Paulus. 'n Derde groep is vurige Apollos-ondersteuners. Daar was selfs 'n groep wat gesê het: ons is van Christus – asof Christus, die Opperherder van die kudde, op een lyn met die aardse herders geplaas kan word (1:10-16).

Daar het ook verwydering ingetree tussen die sogenaamde ryk en arm lidmate in die gemeente. Die rykes verhef hulle bo die armes. Hulle oor-eet hulleself, terwyl die armes honger ly. As daar dan nagmaal gevier word, is die armes honger en die rykes dronk. Dit is 'n gruwel in die oë van die Here. Nagmaal dui op tweevoudige eenheid – eenheid met God in Christus, ook eenheid in die gemeente, tussen ryk en arm. Nagmaal word onheiligh indien die rykes hulle harte en hande vir die armes

Redaksionele nota

Vanaf hierdie maand sal Waarheid en Dwaling DV weer maandeliks verskyn. Enkele maande gelede het die redaksie dit goed gedink om dit as 'n kwartaalblad uit te gee. In die lig van vinnig veranderende omstandighede - veral op kerklike terrein - is daar egter besluit om tot 'n maandelikse uitgawe terug te keer.

Wat betref die Mei-maand uitgawe het die drukkersduivel sy slag geslaan. Die laaste sinne van die artikel 'Onderwys in die brandpunt', waarna in die Persskou verwys is, het ongelukkig uitgeval. Ter wille van volledigheid word dit hiermee aan u deurgegee:

- Dr Lubbe noem dat hy geleer het dat 'nóg Christene nóg Hindoes nóg Moslems hul beywer of ons onderwysstelsel wil misbruik vir die bevordering van 'n konglomeraat van godsdienste, of vir die totstandkoming van een universele godsdienst'. Dit word aanvaar

dat dr Lubbe eerlik is oor die les wat hy geleer het. Maar is die lesinhoud korrek? Wie waarborg dat onderrig oor verskillende godsdienste nie gaan uitloop op 'n konglomeraat van godsdienste nie? In ag genome die doel van onderrig in verskillende godsdienste - naamlik om wedersydse respek en goeie burgerskap te kweek - is die ontstaan van 'n universele godsdienst glad nie so vergesog nie; ongeag die les wat dr Lubbe geleer het.

- Dit is opvallend dat dr Lubbe die beginsel van ouerskole glad nie aanroer nie. Hy aanvaar staatskole as die normale. Inderwaarheid is staatskole abnormaal, en ouerskole normaal. Indien daar in Lenasia vir die 5% christen-kindere 'n ouerskool was wat deur christen-ouers beheer en bestuur word, sou die dilemma waarvan hy praat geen dilemma gewees het nie.

Redakteur

1 Joh 4:6

"Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling"

INHOUD

- 1 **Redaksioneel**
Partyskappe moet daar wees
- 2 **Skrifoordenking**
'n Tiende uit dankbaarheid
Ds GJ Meijer
- 4 **Aktueel**
Pinkster, die Psalms en Christus
Dr AH Bogaards
- 5 **Op die kerkerf**
Het die Heilige Gees (en ons) só besluit?
Ds HLJ Momberg
- 7 **Reformasie in die prediking (I)**
Die krisis in die Gereformeerde Kerke SA
Prof VE d'Assonville
- 9 **Mediese etiek**
Die eed van Hippokrates en die negende gebod
Prof JM Boon
- 11 **Rekenaar en Internet**
Die Afrikaanse Ou Vertaling gratis beskikbaar
Dr AH Bogaards
- 11 **Persskou**
 - Kerkskeuring
 - Cloete aan die woord

sluit. So 'n verdeeldheid mag daar in die liggaam van Christus nie wees nie (12:25).

Partyskappe

In direkte aansluiting by die vermaning oor skeuringe skryf Paulus: 'Want daar moet ook partyskappe (hairesis) onder julle wees' (11:19). Partyskappe is heeltemal iets anders as skeuringe. Partyskappe dui in die eerste plek op 'n keuse wat gemaak word, of 'n beslissing oor 'n bepaalde saak. Mense wat dieselfde keuses maak, kom bymekaar uit. Hulle vind mekaar omdat hulle dieselfde mening oor sake deel. Hulle vorm 'n party. 'n Tweede betekenis van partyskappe is minder gunstig, eintlik totaal ongunstig. Die Griekse woord hairesis kan ook op kettery dui. Dwaalleraars vind mekaar eweneens rondom hulle gedeelde (verkeerde) siening van sake. Hulle snoer kragte saam, en vorm 'n hairesis: 'n partyskap. 'n Onheilige partyskap. Oor sulke partyskappe word daar ernstige oordele uitgespreek (2 Petrus 2:1). Dit is kenmerkend van die vrug van die vlees (Galasiërs 5:20).

Tog skryf Paulus vir die Korintiërs: Partyskappe moet daar wees. Die klem val op *moet*. Die Here dwing dit af. Dit klink na 'n *contradictio in terminis*, 'n innerlike teenstrydigheid. Geen skeuringe – wel partyskappe. Skeuringe mag nie – partyskappe moet daar wees. Hoe klop dit? Die apostel antwoord die vraag: 'Sodat die beproefdes onder julle openbaar kan word'. Duidelike standpuntstelling moet lei tot duidelike standpuntname. Solank as wat sake onduidelik is, kan die gemeente van Christus geen ferm standpunt inneem nie. Die oomblik wat argumente egter klinkklaar genoem en helder teenoor mekaar gestel word, kan elke standpunt in die lig van Gods

Woord beproef word en daar 'n beslissing (hairesis) gemaak word. Dan weet die gemeente van Jesus Christus waar sy staan.

Dringende moet

Uit die betoog in 1 Korintiërs 11 word dit duidelik hoe belangrik dit is dat daar in die gemeente (en kerkverband) eerlik, reguit, Skrifgetrou gepraat word. Verdeeldheid mag nie toegesmeer word nie. Daar moenie 'vrede, vrede' gepraat word, terwyl die kerke in beroering is oor fundamentele sake soos Skrifbeskouing en -hantering, die kerklied, die viering van nagmaal en die plek van die vrou in die kerk van Jesus Christus nie. Partyskappe moet daar wees, sodat elke gelowige presies sal weet hoe sake staan. Uiteraard is die manier waarop sake gestel word van kritiese belang. Stel van standpunte kan al te maklik met aggressie, naywer, vyandskap en toornigheid gepaard gaan. Kort voor lank eindig so 'n partyskap in skeuring.

Die teenoorgestelde moet gebeur. Medegelowiges wat van mekaar verskil moet uiteindelik by mekaar uitkom. Die oorsaak van die partyskap moet uit die weg geruim word, sodat die gemeente(s) eendragtig kan saamstaan en haar plek in die koninkryk van God kan volstaan.

En as daar wel skeuring kom? Dan is die skeurmaker(s) diegene wat hulleself van God en sy Woord losmaak en ander oorhaal om dieselfde as hulle te doen. Skeurmakers stel hulle woord bo God se Woord, hulle saak voor God se saak. Skeurmakers is mense wat aan hulle eie woord meer gesag verleen as aan elke woord wat uit die mond van God uitgaan.

VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL

Voorsitter:

Dr AH van den Bout
Tel 012 332 2988
e-pos: vdenbout@mweb.co.za

Redaksie:

Mev J de Wind
Ds GJ Meijer
Ds HLJ Momberg
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel 012 546 4915
e-pos:
gjmeijer@absamail.co.za

Medewerkers:

Dr AH Bogaards
Prof JM Boon
Dr ALA Buys
Prof GJC Jordaan
Ds SJMS Smit
Dr AH van den Bout

Webbladsy:

<http://www.vgl.co.za>

Administrasie-adres:

Waarheid en Dwaling
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel 012 335 9134
(Mev Hanneke Das)

Bankrekeningnommer:

Spaarrekening 9054701904
ABSA
Pretoria Waverley

Intekengeld:

R100 per jaar

Tegniese versorging:

Printburo
Posbus 25316
Gezina
0031
e-pos: printbur@mweb.co.za

SKRIFOORDENKING

'n Tiende uit dankbaarheid

Ds GJ Meijer, Wonderboompoort

Jy mag die bokkie nie kook in sy moeder se melk nie. (Deuteronomium 14:21b-29)

Op heelparty plekke in die Skrif vind ons aanwysings oor die HERE se wil met betrekking tot die gee van tiendes. Twee van die duidelikste aanwysings staan in Deuteronomium 14 en 26 opgeteken. Die uitspraak in Deuteronomium 14 begin met 'n vreemd klinkende verbod: 'Jy mag die bokkie nie kook in sy moeder se melk nie'. Op die oog af het dit niks te doen met die gee van tiendes nie. As 'n mens egter agterkom waaroor die kook van 'n bokkie in sy ma se melk gaan, blyk dit dat dit alles met die gee van tiendes te doen het.

Heidense ritueel

Vir die heidense boere in Kanaän was dit 'n

belangrike ritueel om een maal per jaar, in die herfs, 'n boklam te slag en dan te kook in die melk van sy ma. Dit was vir hulle 'n godsdienstige handeling. As die groeiseisoen verby is, so het hulle geglo, sterf Baäl, die god van vrugbaarheid. Gedurende die winter is Baäl dood - daarom dat daar geen groeikrag in die natuur is nie. Om seker te maak dat Baäl aan die begin van die nuwe seisoen weer tot lewe kom, moet daar 'n boklammetjie geslag word. Die boklammetjie is 'n simbool vir nuwe lewe. Dié lammetjie moet dan gekook word in die melk waarvan hy self gedrink het: sy ma se melk - nóg 'n simbool van lewenskrag. As die lammetjie klaar gekook is, moet die melk oor die land uitgegooi word.

Daarna sal Baäl weer tot lewe kom wanneer die nuwe lente aanbreek. So glo die Kanaäniete. As dit nie gedoen word nie, kan die nuwe seisoen nie aanbreek nie. Op die stuk grond wat nie met gekookte melk besprinkel is nie, rus 'n vloek. Daar sal geen oes wees nie.

Toe die volk Israel, die HERE se eiendomsvolk, in die beloofde land Kanaän intrek, was hierdie ritueel normale praktyk. Hulle het met hulle eie oë gesien hoe die oorgeblewe heidense boere die boklam slag en kook en dan die melk oor die land uitgooi. Hulle het gou te hore gekom wat die rede vir hierdie vreemde handeling is. Dié dinge het 'n groot indruk gemaak. Daarom die streng verbod van die HERE: julle, Godvresende boere, julle mag die heidense ritueel van die Kanaäniete nie oorneem nie. Julle mag die bokkie nie kook in sy moeder se melk nie.

Godgegewe wet

Om die verbondsvolk Israel te help om onvoorwaardelik op die HERE te vertrou, gee die HERE vir hulle 'n ander wet om te onderhou: Jy moet noukeurig 'n tiende van die hele opbrings van jou saad wat jaar vir jaar uit die land uitspruit, afsonder. Daardie tiende moet jy voor die aangesig van die HERE bring op die plek wat Hy uitkies om te woon. Die *doel* daarvan word by name genoem aan die slot van vers 23: 'dat jy kan leer om die HERE jou God altyd te vrees'. Teenoor afgodsvrees ware Godsvrees - dit is die primêre doel van die gee van die tiende. Teenoor 'n bange gevoel dat die nuwe seisoen dalk 'n ramspoedige mislukking kan word, 'n kinderlike vertroue dat God die Vader die ganse skepping in sy hand vashou. Teenoor 'n heidense, magiese ritueel om 'n boklam in sy ma se melk te kook, 'n geloofsdaad - gee die eerste van jou opbrings aan die HERE terug.

Dat die gee van die tiende uit en uit 'n *geloofsdaad* moet wees, blyk nog duideliker uit die bepaling van Deuteronomium 26. Israel moet glo dat die land waarin hulle woon 'n erfenis van die HERE is. Die boer besit grond en lewer sy insette, dit is volkome waar. Hy ploeg en plant en maak nat. Maar die HERE laat groei. Dit mag die Israelitiese boer nooit vergeet nie. As hy aan die einde van die seisoen sy tiende na die tempel bring, moet hy 'n dubbele verklaring aflê. Hy moet in die eerste plek verklaar dat die grond waarop hy boer nie syne is nie; dit is die HERE s'n. In die tweede plek moet hy verklaar dat die oes wat hy ingesamel het ook nie syne is nie; dit is eweneens die HERE s'n. Deur die eerste tiende van die oes aan die HERE terug te gee, erken hy openlik dat sy grond en die hele oes aan die HERE behoort. En dan, ná sy dubbele verklaring, moet die boer voor die aangesig van die HERE neerbuig. Dan moet hy die HERE vra vir seën vir die nuwe seisoen.

Duidelike boodskap

Die boodskap van die tiende is duidelik. Op 'n tasbare manier word die HERE erken en gedank vir dit wat verby is. Bowendien word daar vertroue in die HERE uitgespreek: onvoorwaardelike vertroue met die oog op alles wat in die komende seisoen voorlê. Israel moet die HERE erken, dank, vertrou.

Hoe dikwels het die volk dit egter nie vergeet nie? Die profete konfronteer die volk omdat hulle hul tiendes verontagsaam. Hulle beroof die HERE deur swak diere te

offer, of nie die volle tiende te bring nie. Die erns hiervan is dat hulle die HERE nie na behore erken en eer nie. Hulle dank Hom nie vir sy genade nie. Hulle vertrou Hom nie volkome nie. Dan kla hulle ook nog dat dit met hulle swaar gaan!

Dit is opmerklik dat ons in die Nuwe Testament slegs sporadies van die gee van tiendes lees. Die Here Jesus verwys daarna as Hy in 'n gelykenis vertel van die Fariseër wat spog omdat hy sy tiendes so getrou gee (Lukas 18:12). Die Here Jesus vermaan die geveinsde skrifgeleerdes en Fariseërs wat tiendes gee van kruisement en anys en koljander, maar intussen laat hulle ná om reg en barmhartigheid en trou uit te leef (Matteus 23:23). Beide kere is die verwysing negatief. Nie dat die Here Jesus daarmee die gee van tiendes afkeur nie. Inteendeel, die volk moet steeds uit hulle middele vir die HERE offer. Daarvan lees ons by herhaling in die Nuwe Testament.

Vervulde tiende

Die Here Jesus wys ook op die doel van daardie offer. Hy leer ons hoe alles van die Ou Testament in Hom vervul word. Ook die boodskap van die gee van tiendes.

Erkenning, dank, vertrou - dit word aksies wat in Christus se soenoffer 'n voller betekenis kry as wat dit ooit in die Ou Testament gehad het. Waar sien ons duideliker dat die aardbodem van die mag van die dood verlos is as in die kruisdood van ons Here Jesus Christus? Aan Wie is alle mag in die hemel en op die aarde gegee? Wie beheer die temperatuur van die oseane, die sirkulasie van lugstrome en die uitstort van reënbuie? Wie sorg dat alles vir God se kinders ten goede moet dien? Wie anders as die Seun van God deur Wie die Vader oor alle dinge regeer? Ons Verlosser is ons Koning - ook ons Koning in die skepping, die Beheerser van die natuurelemente, die Here oor die verloop van gebeure.

Ons weet hierdie dinge. Ons bely dit elke Sondag. Maar ons nood is dat ons dit so maklik vergeet, of dat dit 'n soort onwerklike belydenis word. Dit wat ons Sondag bely en dit wat ons Maandag tot Saterdag beleef kom nie altyd by mekaar uit nie. Die Maandag-tot-Saterdag-werklikheid is dat die boer met sy vinger in die grond krap om te kyk wat van sy geplante mieliepit word. 'n Ander werklikheid is dat hy met sy oog op die weerkaart kyk om vas te stel wanneer die volgende reënbuie uitsak. Hierdie werklikhede word deur alle boere beleef - gelowig sowel as ongelowig.

Wat doen die ongelowige boer? Hy praat oor 'n droogte-aanslag wat die mensdom bedreig. Agter daardie boer staan die besigheidsman wat gis oor hewige skommelings op die wêreldmarkte wat hierdeur veroorsaak kan word. Saam doen hulle hul beplanning. Die aanslag moet met mag en mening teengestaan word. Daar moet solank gekyk word na rampfondse, alternatiewe hulpbronne en risiko-faktore.

Is al hierdie beplanning verkeerd? Verseker nie. Dit word verkeerd as dit nie uit erkenning en dankbaarheid en vertroue in Jesus Christus die Seun van God gedoen word nie. Op hierdie elementêre punt loop die lyne radikaal uit mekaar. In geloof, onder voorbidding moet ons beplan aan die hand van gegewens tot ons beskikking. Sodanige beplanning rus in Christus wat sy lewe vir ons en ons grond en ons mielie-oes en ons studies en ons ganse voortbestaan

afgelê het. Die boodskap van die Ou Testamentiese tiende klink in Christus onveranderd op: word nie soos die moderne heiden wat angsvallig probeer walgooi teen die nukke van 'n stomme noodlotsgod se aanslae uit die buitenste ruimtes nie. Vertrou God volkome in al jou weë

- heel konkreet deur jou eerste tiende van jou inkomste vir Hom te gee. Ploeg en plant van dááruit, studeer en werk, ontwikkel en bou op, in die wete dat God wat alles beheer sy seën nie van sy kinders weerhou nie.

AKTUEEL

Pinkster, die Psalms en Christus

Dr AH Bogaards, Daniëlskuil

Gedurende die week voor Pinkster het dr AH Bogaards meegaande artikel op die webwerf van die GKSA gepubliseer. Dit het wye reaksie ontlok.

Eerskomende Sondag is Pinkstersondag; die Sondag waarop ons die groot gebeurtenis van die uitstorting van die Heilige Gees gedenk.

Juis op hierdie so heel, heel besondere Sondag sal die 2001-omdigting feestelik deur gemeentes van die GKSA in gebruik geneem word - die liedere sonder Christus.

Aan 'n groter kontras kan 'n mens nie dink nie:

- Pinkster 2000 jaar gelede enersyds; en
- Pinkstersondag in die GKSA op 8 Junie 2003 andersyds.

Pinkster 2000 jaar gelede

In Handeling 2 lees ons van die uitstorting van die Heilige Gees. Die heel eerste wat daarna gebeur, is dat daar gepreek word. Petrus staan op en hy preek - dit is 'n heel besondere, 'n buitengewone preek:

1. Die besondere lê *eerstens* daarin dat *die Heilige Gees* van die begin tot die einde aan die Woord is. Ons het hier te doen met 'n geïnspireerde preek. Die verhoogde Christus self, ons hoogste Profeet en Leraar, preek deur sy Heilige Gees by monde van sy apostel. Wat ons hier - in die eerste Pinksterpreek - geleer word, dra daarom die hoogste gesag; Goddelike gesag. Wat hier gesê word het ewigheidsgesag en is van ewigheidsbelang.
2. Die besondere van hierdie geïnspireerde preek lê *tweedens* daarin dat ons in hierdie preek 'n *aaneenskakeling van Psalms* kry: Psalm 116:3 (vergelyk Handeling 2:24), Psalm 16:8-11 (vergelyk Handeling 2:25-32), Psalm 110:1 (vergelyk Handeling 2:34-35).
3. Die *derde* besondere kenmerk van hierdie geïnspireerde preek lê daarin dat die Heilige Gees Self duidelik laat sien en hoor dat daardie Psalms van *Christus* getuig en in *Christus* vervul is. Hy wat Self die Skrywer van die Psalms is en die Psalms in Dawid se mond gelê het, die Heilige Gees, Hy verklaar hier sy eie Psalmwoorde en – *Hy betrek dit op Christus*. Die eerste Pinksterpreek is 'n pure, suiwer *Christus*-preek. Al prekend-singend word Christus deur die Heilige Gees verheerlik. Daarvoor het Hy ook immers gekom, nie waar nie? In Johannes 16:14 sê Jesus self van die Heilige Gees: “Hy sal My verheerlik, omdat Hy dit sal neem uit wat aan My behoort, en aan julle verkondig.” Juis dít doen die Heilige Gees aan die hand van Psalms 116, 16 en 110. Op Pinksterdag vervul die Trooster Johannes 16:14 en Hy verheerlik Christus.

Ná Pinkster gaan die Heilige Gees die wêreld in; oor die wêreld heen verkondig Hy Christus – aan die hand van die Psalms. Dink maar net aan Paulus se preek (nog 'n geïnspireerde preek) in Handeling 13 – en weer, ja, al weer so 'n aaneenskakeling van Psalms; Psalms wat almal net een Noot op hulle snaar het: Christus, Christus, Christus. Ek verwys net na vers 32-33 en Psalm 2:7: “En ons bring julle die goeie tyding van die belofte wat aan die vaders gedoen is, dat God dit aan ons, hulle kinders, vervul het deur Jesus op te wek, soos daar ook in die tweede Psalm geskrywe is: U is my Seun, vandag het Ek U gegenereer” (verwek). Hoor u dit? Die belofte van die opwekking van Christus – dit is reeds aan die vaders gegee, aan die eerste hoorders van die Psalms. Christus is nie eers later, in die tyd van die Nuwe Testament, aan die Psalms bygeplak of bygevoeg soos die “nuwe navorsing” en 2001-omdigting leer nie. As dít wat die “nuwe navorsing” leer, die geval sou gewees het, kan ons tog nie van 'n **belofte**, 'n belofte wat eeue tevore aan die vaders gedoen is, praat nie? As die Christus-verklaring eers later deur die skrywers van die Nuwe Testament bygevoeg is, was Christus nie in Psalm 2 belowe nie; dan is Handeling 13 onwaar.

Nou die kontras:

Pinkstersondag in die GKSA op 8 Junie 2003

Terwyl die Heilige Gees Christus verheerlik en Christus verkondig en dit op Pinkster juis doen deur middel van sy Psalms, wat van Christus getuig, gaan die GKSA op 8 Junie liedere sing waaruit Christus doelbewus verwyder is.

Daar is geen groter teenstelling as dit denkbaar nie - Pinkster 2000 jaar gelede en Pinkster in die GKSA op 8 Junie 2003:

- Pinkster 2000 jaar gelede: Christus-Psalms.
- Pinkster in die GKSA op 8 Junie 2003: Christus-lose omdigtings.

Met Psalm 2:7 in die hand getuig die Heilige Gees, die Gees van Pinkster, die Gees van Christus, deur sy gesant Paulus van die opwekking van Christus. Let wel: In die *opwek* van Christus word die *verwek of genereer* van Psalm 2:7 vervul. Indien u eerskomende Sondag Psalm 2 uit die 2001-omdigting sing, sal u nie daardie woorde van Psalm 2:7 (Vandag het Ek u verwek - aangehaal in Handeling 13 en toegepas op Christus) sing nie – *dit is eenvoudig nie omgedig nie*. Al sou dit in 'n voetnoot staan, sal u hierdie woorde van die Heilige Gees, waarmee Hy Christus verheerlik, nog steeds nie, *nog steeds nie*, sing nie – *dit staan*

nie in die teks van die 2001-omdigting nie. Die voetnoot bring Christus nie terug nie. Met die beste mikroskoop en die kragtigste vergrootglas sal u nie die woorde “verwek” (“genereer”) en “vandag” in die 2001-omdigting van Psalm 2 kry nie. Buitendien: al sê die voetnote ook wat, die digter self het uitdruklik gesê dat hy die Messias verwyder het uit die lied wat u sing. Almal wat goeie Afrikaans verstaan - dit was die oogmerk van die omdigting: goeie, eenvoudige, verstaanbare Afrikaans – sal sien dat die woorde “vandag het Ek U gegenereer” (verwek), *nie* daar staan nie.

Hoe bring u verder Krog se omdigting van Psalm 16 - Van die graf weerhou U my - in verband met die feit dat Christus *wel* in die graf was? Hoe bring u hierdie omdigting in verband met die preek van die Heilige Gees in Handeling 2:25-32? As daar ’n voetnoot by Krog se Psalm 16 sou wees, wat wil die voetnoot dan sê? As die voetnoot na

Handelinge 2 verwys, weerspreek/weerlê die voetnoot dan nie wat u sing nie? Sonder enige twyfel. Hoe kan u dit dan sing?

Só sal die GKSA en sy jeug al singende die toekoms ingaan en goeie, maklik verstaanbare Afrikaans uit die omdigtings leer; Christus sal hulle egter nie daaruit leer ken nie. Dit sal vir die kerk van môre onbegryplik wees hoe die Heilige Gees in Handeling 2 kan sê dat die Psalms van Christus getuig. Dat die Psalms Christus preek – dit sal vir hulle nie goeie, verstaanbare Afrikaans wees nie, maar onbegryplike Grieks.

Die Heilige Gees verheerlik Christus met die Psalms. Hoe kan ons dan Christus verheerlik met liedere waaruit Christus verwyder is? Pinkster kan net Pinkster wees as ons Christusvolle Psalms sing – die Liedere wat die Heilige Gees self aan ons gegee het.

OP DIE KERKERF

Het die Heilige Gees (en ons) só besluit?

Ds HJ Momberg, Die Kandelaar

Kan ons met ons hedendaagse sinodes daarop aanspraak maak dat “die Heilige Gees en ons” besluit het? Is die sinodebesluite noodwendig geldig, gesagvol, vas en bindend en behoort dit uitgevoer te word? Dit kon met goeie reg van die vergadering van die apostels en die ouderlinge van Jerusalem gesê word; hulle was immers onder die inspirasie van die Heilige Gees. Só is dit nie outomaties met ons nie. Ons kan wel bid en glo dat die Heilige Gees ons in ons vergaderings verlig. Wanneer ’n profeet onder ons gespreek het, moet die ander so ’n profeet toets (1 Korintiërs 14). Daar is egter sekere roomsgesindes in ons kerkegemeenskap wat meen dat sinodebesluite klakkeloos uitgevoer moet word, totdat ’n sinode van die teendeel oortuig word. ’n Sinode is immers ’n heilige vergadering wat met die gesag van die Heilige Gees optree!

Laat ons net eers na die Skrifgedeelte kyk wat vir hierdie doeleindes gebruik word. Die teks is regstreeks aangehaal; ter wille van die redevoering is dit van kort opskrifte en enkele verduidelikende notas voorsien.

Vergadering van die Apostels en die ouderlinge van Jerusalem

Handelinge 15

- 4 En by hulle aankoms in Jerusalem is hulle ontvang deur die gemeente en die apostels en die ouderlinge; en hulle het verslag gedoen van al die dinge wat God met hulle gedoen het.
- 5 Maar sommige gelowiges uit die party van die Fariseërs het opgestaan en gesê:

Die Agendapunt:

Dit **is noodsaaklik dat hulle** besny word en bevel ontvang om **die wet van Moses te onderhou**.

- 6 En die apostels en die ouderlinge het vergader om hierdie saak te ondersoek.

Bespreking:

- 7 En toe daar ’n groot woordewisseling plaasvind, het **Petrus** opgestaan en vir hulle gesê: Broeders, julle weet dat God lank gelede onder ons verkies het dat die heidene deur my mond die woord van **die evangelie sal hoor en gelowig word**.
- 8 En God wat die harte ken, het vir hulle getuienis gegee deur aan hulle die Heilige Gees te skenk net soos aan ons.

- 9 En Hy het geen onderskeid tussen ons en hulle gemaak nie, aangesien Hy **hulle harte gereinig het deur die geloof**.

- 10 Nou dan, waarom versoek julle God deur op die nek van die dissipels ’n juk te lê wat ons vaders en ook ons nie in staat was om te dra nie?

- 11 Maar **ons glo** dat ons **deur die genade van die Here Jesus Christus** gered word op dieselfde manier as hulle ook.

- 12 En die hele menigte het geswyg en na **Bárnabas en Paulus** geluister, terwyl hulle van al die tekens en wonders vertel wat God deur hulle onder die heidene gedoen het.

- 13 En nadat hulle geswyg het, antwoord **Jakobus** en sê: Broeders, luister na my!

- 14 Símeon het vertel **hoe** God in die begin uitgesien het om ’n volk uit die heidene vir sy Naam aan te neem.

Die Skrif gee finale uitsluitse!

- 15 En hiermee stem die woorde van die profete ooreen, soos geskrywe is:

- 16 Daarna sal Ek terugkom en die vervalte hut van Dawid weer oprig, en wat daarvan verwoes is, sal Ek weer oprig en dit herstel,

- 17 sodat die oorblyfsel van die mense die Here kan soek, en al die nasies oor wie my Naam uitgeroep is, spreek die Here wat al hierdie dinge doen.

- 18 Aan God is al sy werke van ewigheid af bekend.

Voorstel/oordeel:

- 19 Daarom oordeel ek **dat ons die wat uit die heidene hulle tot God bekeer, nie moet bemoelik nie,**
- 20 maar aan hulle skrywe dat hulle hul moet onthou van die dinge wat deur die afgode besoedel is en van hoerery en van wat verwurg is en van bloed.
- 21 Want van die ou tyd af het Moses in elke stad diegene wat hom verkondig, terwyl hy elke sabbat in die sinagoge gelees word.

Besluit:

- 22 Toe het die apostels en die ouderlinge saam met die hele gemeente besluit om manne uit hulle te kies en na Antiochië te stuur saam met Paulus en Barnabas, naamlik Judas, met die bynaam van Barsabas, en Silas, manne wat voorgangers onder die broeders was.

Die handeling word genotuleer en uitgestuur:

- 23 En hulle het deur hul bemiddeling dít geskrywe: Die apostels en die ouderlinge en die broeders aan die broeders uit die heidene in Antiochië en Sirië en Cilicië: Groete!
- 24 Aangesien ons gehoor het dat sommige wat van ons uitgegaan het, aan wie ons geen opdrag gegee het nie, julle met woorde ontstel en julle gemoedere verontrus deur te sê dat julle besny moet word en die wet moet onderhou,
- 25 het ons eenparig besluit om manne te kies en na julle te stuur saam met ons geliefde Barnabas en Paulus -
- 26 manne wat hulle lewe oorgegee het vir die Naam van onse Here Jesus Christus.
- 27 Ons het dan Judas en Silas afgevaardig om ook mondeling dieselfde berig te bring.
- 28 Want die Heilige Gees en ons het besluit om verder geen las op julle te lê nie as hierdie noodsaaklike dinge:
- 29 dat julle jul onthou van afgodsoffers en van bloed en van wat verwurg is en van hoerery. As julle jul hiervan onthou, sal julle goed doen. Vaarwel!

Hoe het die vergadering van naburige gemeentes - die konsultasievergadering van die Ouderlinge en die Apostels saam met die Sendelinge - daartoe gekom dat hulle oor die bepaalde saak kon verklaar: "Die Heilige Gees en ons het besluit."?

Die saak van suksesvolle bediening onder die heidene het aan die orde gekom. Die Joodsgesindes het die eis gestel dat die nuwe bekeerlinge uit die heidene hulle moet laat besny en dat hulle die Wet van Moses moet onderhou ... met die gedagte dat die verlossing deur die onderhouding van die Wet verkry word. Die apostels het egter die evangelie van "Solo Christo" en "Sola Gratia" op die hoorders se harte gedruk.

Wanneer Petrus die woord neem, verwys hy na die pinkstergebeure en na die hemelse gesig wat hy ontvang het van die laken uit die hemel met die onrein diere wat hy moes eet; Petrus het deur die gesig opdrag gekry om die evangelie aan die heidene te gaan verkondig. Die Heilige Gees het ook op daardie mense geval - soos op Pinksterdag. Wat met Petrus gebeur het was hoegenaamd nie iets wat hyself uitgedink het nie; dit was selfs nie vir hom aangenaam nie. Die Heilige Gees het by hom daarop aangedring. Petrus het dus voortgegaan om Corne-

lius van Caesarea en sy gesin as die eerste bekeerde heidene te doop (Handelinge 10:45, 46). Hy het hom later in Jerusalem daarvoor verantwoord. Hulle het dit so met blydskap aanvaar (Handelinge 11:18).

Petrus getuig hier van en herinner die broeders aan die dinge wat die Heilige Gees in dieselfde verband reeds deur hom gedoen het. Hy beklemtoon dus dat die Heilige Gees hierdie saak reeds vooruit aangekondig het.

Barnabas en Paulus kry nou geleentheid om die aanwesiges te vertel van al die wonders en tekens van die Heilige Gees, wat God deur hulle onder die heidene gedoen het. Hulle bevestig dat die dinge wat hulle in die sendingveld ondervind het, presies in lyn lê met wat Petrus as die leiding van die Heilige Gees uitgewys het.

Jakobus het laaste die woord geneem. Hy het die rapport van Paulus en Barnabas, tesame met Petrus se vertelling, verbind aan wat die Skrifte daarvoor leer. Jakobus het hierdie gebeurtenis gaan toets met die liniaal van die Heilige Gees: die Ou Testament wat ook bekend staan as die "Wet en die Profete." Hy sê: "En hiermee stem die woorde van die profete ooreen, soos geskrywe is ..." Hy haal dan vrylik die tekste van die Septuaginta aan. In die Hebreeus is die aanhaling uit Amos 9:11,12 soos volg: "In dié dag sal Ek die vervalte hut van Dawid weer oprig, en Ek sal sy skeure toebou en sy puinhope herstel, en Ek sal dit opbou soos in die ou tyd; sodat hulle in besit kan neem die oorblyfsel van Edom en al die nasies oor wie my Naam uitgeroep is, spreek die HERE wat dit doen."

Die Bybelskrywers het die profesieë dikwels veel belangriker en verheweners beskou, as dat dit net woorde van die profete was. Petrus het byvoorbeeld van die profete gesê:

1Petr 1:10 "Aangaande hierdie saligheid het die profete wat geprofeteer het oor die genade wat vir julle bestem is, ondersoek en nagevors,

1Petr 1:11 en hulle het nagespeur op watter of hoedanige tyd die Gees van Christus wat in hulle was, gewys het, toe Hy vooruit getuig het van die lyde wat oor Christus sou kom en die heerlikheid daarna.

1Petr 1:12 Aan hulle is geopenbaar dat hulle nie vir hulleself nie, maar vir ons dié dinge bedien het wat julle nou aangekondig is deur dié wat die evangelie aan julle verkondig het in die Heilige Gees wat van die hemel gestuur is - dinge waarin die engele begerig is om in te sien."

2Petr 1:21 "want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek."

Jakobus het met die dinge wat Petrus vertel het en Barnabas en Paulus se rapport oor hulle sendingwerk die gebeure in die praktyk getoets aan wat die Heilige Gees reeds tevore hieroor gespreek het.

Dit is gevolglik geen vreemde konklusie nie, maar noodwendig en noodsaaklik om te sê:

"Want die Heilige Gees en ons het besluit ..." Veral in hierdie gestelde gehoorsaamheids-volgorde: eers die Heilige Gees en daarna ons. Die Spreke van die Heilige Gees was eerste daar; die sendingwerk van Petrus, Barnabas en Paulus is 'n bevestiging daarvan. Die vergadering het dit in gehoorsaamheid gekonstateer.

Wat van die kerke van die jaar 2003? Die Heilige Gees het sedert die koms van Christus in en deur die diens van die apostels die Kanon voltooi. Die Nuwe Testamentiese Kerk het die getuienis van die profete (Ou Testament), sowel as van die apostels (Nuwe Testament) as objektiewe leiding en spreke van die Heilige Gees. Dit word deur Petrus bevestig in 2 Petrus 3:1, 2: "Dit is reeds die tweede brief, geliefdes, wat ek aan julle skrywe. In albei wil ek deur herinnering julle suiwere gesindheid opwek, sodat julle die woorde kan onthou wat deur die heilige profete tevore gespreek is, en die gebod van ons, apostels van die Here en Verlosser".

Die spreke van die Heilige Gees deur die woordbediening van die apostels is een en dieselfde boodskap as dié van die Ou Testament, maar dit is in Christus Jesus vervul. Petrus getuig daarvan in 1 Petrus 1:10-12 (soos reeds aangehaal).

Wanneer 'n kerklike vergadering 'n besluit neem, is dit kragtens art 31 KO die verwagting dat die Skrif oor 'n bepaalde saak bedien word. Met hierdie verwagting het die kerke waaruit so 'n vergadering saamgestel word, respek en agting vir die besluite van daardie vergadering. Dit is ook die rede waarom aanvaar en onderneem word om die besluite van daardie vergadering wat met genoemde reël nie in stryd is nie, as vas en bindend te hou. Indien die vergadering in sy besluitneming niks anders as die Skrif bedien het nie, kan van so 'n besluit ook getuig word: Die Heilige Gees en ons het besluit.

Soos in die geval van die vergadering in Jerusalem, lê die bewysvoering van die Heilige Gees se besluit oop en bloot en vir almal om te herken. As daar geen bewysvoering blootgelê word nie, is die besluit metterdaad ongeldig. Indien die bewysvoering (soos met die versoeking van die duiwel in die woestyn) ongeldig is, is die besluit eweneens ongeldig.

Wat die omdigtings van die Psalms betref: Dit is in woordeboeke asook by die kundiges vasgestel dat met omdigting iets anders bedoel word as met beryming. 'n Omdigting is 'n digterlike verwerking van die teks (Van Dale se Nederlandse Verklarende Woordeboek). So definieer die voorwoord van die Nuwe Liedboek ook die

saak van 'n omdigting teenoor 'n beryming. Die omdigting is volgens die voorwoord daarvan, bedoel om die oorspronklike Psalms in digvorm aan te pas vir die christen van vandag. Daarom word belangrike dele wat die Oosterse koloriet en beeldspraak betref, asook dele wat baie herhaal is en veral die verbondsidioom en die verbondswraak soos dit in die oorspronklike teks voorkom, gewoon uitgelaat en weg-verwerk omdat die moderne christen nie meer so leef en dink nie. Nou: daar is geen sinodebesluit wat ooit so iets gewettig het nie. Daar is geen sinodebesluit wat samewerking tot so iets beveel het nie. Die sinodes het altyd met baie streng reëls en voorskrifte van wettige berymings gepraat. Die blote feit dat daar 'n menigte probleme in die 2001-omdigting uitgewys is, waar dit van die teks van die Bybel, die skopus van die Bybel, die leer van die Bybel afwyk, toon aan dat die sinode nie van die besluit kan sê: die Heilige Gees en ons het besluit nie. Oor hierdie saak staan die sinodebesluit sonder die getuienis van die Heilige Gees.

Wat die verkiesbaarheid van susters tot die amp van diaken betref: Die sinode het bewustelik presiese Skrifbewys vir hulle besluit verswyg. Verder het hulle gebruik gemaak van die voorbeelde van Febe en Junias waarvan hulle erken het dat dit onsekere getuienis is. Intussen het hulle etlike Skrifgedeeltes gewoon geïgnoreer. Die belangrikste argument wat tot die gewraakte besluit aanleiding gegee het, is blykbaar dat daar geen verbod teen vroue ampsdiens in die Bybel is nie. Die implikasie is dat daar geen spreke van die Heilige Gees oor hierdie saak is nie. Aan die ander kant leer die Heilige Gees dat vroue nie sulke dade in die gemeente mag verrig nie. Ook hierdie besluit van die sinode berus alleen op die gesag van mense.

Die sinode het deur sy vertrapping van die dinge wat die Skrif oor spesifieke sake leer, asook die twyfelagtige Skrifbegroning van die bepaalde besluite, self aangewys dat die Heilige Gees dit nie besluit het nie. Die sinode het bevind dat wat hulle wil doen nie uit die Bybel bewys kan word nie, maar dat hulle dit tog besluit het. Dit is die rede waarom die besluite verwerp moet word. Daarvan kan nie gesê word: Die Heilige Gees en ons het dit besluit nie.

REFORMASIE IN DIE PREDIKING [I]

Die krisis in die Gereformeerde Kerke in SA

Prof VE d'Assonville, Pretoria

Slegs 'n vreemdeling in Jerusalem sal nie raaksien nie dat die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) tans die grootste krisis in sy voortbestaan beleef sedert die stigting van die eerste gemeente in Rustenburg in 1859. Die feite is onomstootlik.

In die afgelope jare het die kerke teen 'n ongekende tempo meer as 1 000 lidmate per jaar verloor. Alleen van 1999 tot 2003 (binne 4 jaar) het die totale lidmatetal met 7 103 verminder (vergelyk statistieke in Die Almanak).

Radikale veranderings is in die eredienste aangebring. Die heilige nagmaal word in baie gemeentes nie meer met die beker "bedien soos Christus dit ingestel het" nie (art. 29 NGB). Die vrou word anders as met die instelling in

Handelinge 6, ook tot die diakenamp toegelaat. 'n Nuwe Psalmberyming wat die Christusprofesieë verwyder het (vergelyk die digter se uitsprake in Rapport van 4 November 2001 en Die Kerkbode van 13 April 2002) en waaruit boonop een-derde van die Bybelinhoud weggelaat is, is deur die Nasionale Sinode goedgekeur.

Inderdaad radikale veranderings in die eredienste.

Is dit saam met die dalende lidmatetal (in getalle drie gemeentes per jaar) goeie veranderings op grond van God se Woord en die Gereformeerde Belydenis? Was dit alles vooruitgang ("bewaring en vermeerdering" van die kerke)? Of is al die dinge wat hierbo genoem is, die bewyse van 'n ontsettende kerklike verval, die tekens van 'n bedenklige

deformasie wat dikwels in die geskiedenis van gereformeerde kerke 'n tipiese verskynsel is, 'n hartseerproses wat tot besinning roep?

Reformasie in die prediking

Die hooforsaak van elke verval en deformasie in die kerk, is die verval en verslegting in die prediking. Dit is opvallend dat daar in die tye voor 'n afskeiding, skeuring of doleansie 'n deformasie in die suiwer prediking van die Woord was. Abraham Kuyper praat van "de les der historie". Die ergste toestand van verval in die prediking vind ons in die Roomse kerk van die 16de eeu. Daar was eintlik geen prediking meer nie; slegs 'n uiterlike vormdiens het oorgebly totdat Luther, Calvyn en die ander hervormers weer die Woord in die kerk begin preek het. Ja, seker, God het met die prediking van die Woord die groot Reformasie van die 16de eeu deurgevoer. So het Hy nog altyd gedoen.

Met die Afskeiding in Genève in 1829 (Cèsar Malan) is die teatrale, humanistiese preke met die eenvoudige Woordbediening vervang. In 1834 het Hendrik de Kock van Ulrum in die vervalde Hervormde kerk die Bybel gepreek en die ondervoede skape weer gevoed. Met die Skeuring ("Disruption") in die Skotse kerk van 1843 het Thomas Chalmers en sy manne weer na die suiwer prediking van die Evangelie teruggekeer; dit was meteen 'n nuwe reformasie. Teen 1859 was die ou "Doppers" só honger en dors vir suiwer prediking waarin die Gereformeerde Belydenis geleer is, dat hulle vir ds Dirk Postma beroep het. Daar was weer 'n kerk wat in leer, diens en tug die erediens van alle menslike en buite- en vrysinnige idees gestroop het - 'n kerk wat aan die merktekens van die ware kerk (art. 29 NGB) voldoen het.

Vóór die Doleansie van 1886 het daar in Nederland 'n bitter stryd gewoed; 'n stryd vir suiwer prediking. Kuyper skryf op 13 Maart 1881 in De Heraut:

"In die gemeentes in ons vaderland (dit is die Hervormde Kerkgenootskap - VE d'A), hoor ons 'n droewige klag wat ook in ons kerklike blaaië gevind word, en die klag is dat 'vele onzer herders geen werk genoeg maken van hun preeken!'"

Vóór die Vrymaking in 1944 in Nederland hoor ons hartroerende pleidooie van die teoloë K Schilder, B Holwerda, B van 't Veer, en andere om die suiwer prediking in die Gereformeerde kerke weer reg te stel. Dit was oproepe om weer terug te keer na die heilshistoriese prediking van die Skrif waar God weer sentraal in die erediens staan en nie die mens met sy humanistiese byprodukte nie. Dit was 'n duidelike afwysing van die eksemplarisme (vergesogte gebruik van voorbeelde), die etiese preke (sedepreke) en die allegoriserings (vergeesteliking van fisiese dinge) in die prediking. Reformasie in die prediking was broodnodig.

Verval in die GKSA se prediking

Natuurlik is dit onmoontlik om oor al die duisende preke wat in een jaar op ons kansels gelewer word, 'n oordeel uit te spreek. Die simptome van die "siekte" (kerklike ongesteldheid) en die uiterlike verval in leer, die erediens en tug, is egter duidelik. Daar is baie lidmate (hoorders van die preke) wat Sondag na Sondag nie meer met die brood van die lewe gevoed word nie, maar met klippe.

Vra 'n mens die "weglopers" - onder die duisendes wat die GKSA verlaat het - uit, is dit elke keer 'n hartseer storie: "Ek en my vrou het nie meer kans gesien om na die preke te luister nie en het toe maar begin wegbly; eers in die aande en toe later ook in die oggend." Of: "Ons kan nie meer die dominee se politiek sluk nie en het toe na 'n ander kerk gegaan." Of: "Vandat hy met al die 'foefies' in die kerk begin het, gaan soek ek liewer 'n gereformeerde erediens soos wat ons nog altyd geleer is." Of: "Ons kerk het nou net soos een van die ander Afrikaanse kerke geword; wat is nou die sin daarvan dat ons nog hier op ons eie oor kelkies, gesange en vroue in die amp aankarring?" Of: "In die Dopperkerk word mos nie meer huisbesoek gedoen nie en alles het verander."

Hier het ons maar enkele opmerkings van vervreemde lidmate. Aan hierdie uitsprake kleef ook sondes; ons moet onthou dat daar tog baie ander gemeentes is waar die kerklike verval nog nie so groot is nie. Intendeel, ons weet van gemeentes in die GKSA waar daar selfs van 'n "toestroming" vanuit liberale gemeentes gepraat kan word. Waarom? Omdat die optrede van die predikant waarlik bediening van God se Woord is! In elkeen van sy preke kom ons agter: Dit is 'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo (Romeine 1:16). Ons woord *dinamiet* is afgelei van die Griekse woord vir "krag". Inderdaad preke met dinamiet, nie omdat die dominee uit homself so 'n kragtige prediker is nie (Paulus was dit ook nie), maar omdat die *inhoud* van die preek "nie die woord van mense is nie, maar die woord van God wat werk in julle wat glo" (1 Thessaloniense 1:13). Was hierdie prediker dan nie op dieselfde Teologiese skool en dikwels in dieselfde klas as sy "verligte" kollegas nie? Ja, maar by die een se prediking is daar voortdurend 'n toewyding in sy Skrifstudie om te vra: "Wat sê die Here?" en by die ander predikant, "Wat sê die mens?" omdat hy nie waarlik Skrifstudie doen nie.

Eiewillige godsdiens in die prediking

Dat daar nog altyd in alle kerke en in alle eeue 'n deformasie in die prediking voorkom, is in die kerkgeskiedenis baie duidelik. Selfs in die sewe gemeentes van Klein Asië (Openbaring 2 en 3) het dit gebeur. Wat die GKSA betref het prof JD du Toit (Totius) gewaarsku teen die predikante wat die "vrye wil" in plaas van God se Woord in hulle prediking volg: "Sal ons aan God gehoorsaam wees of ons eie vrye wil volg?" Hy wys verder daarop dat daar "menigeen" is wat in hulle dogmatiek (die kerk se leer) die vrye wil uitban en in sy homilietiek (die preekkunde) die vrye wil weer invoer. "Of is dit nie vrye keuse as die stof of teks vir Sondag heeltemal van die predikant se keuse, dikwels van sy luim of inval, afhanklik gestel word nie?" (VW, deel 3, p 216-217).

Wat is dan die gereformeerde beginsel? Dit is: In die huis van God die Woord van God. Totius vervolg: "Die gemeente van God moet met niks anders as met die kennis van die wil van God gevoed word nie, en hierdie beginsel kom eers tot sy reg as die eiewillige godsdiens uitgeban en die Skrif self weer die inhoud van die prediking is".

Alle eiewillige godsdiens uitban!

Die Skrif self weer die inhoud van die prediking!

Dit is *reformasie* in die prediking.

Die eed van Hippokrates en die negende gebod

Prof JM Boon, Pretoria

Verskillende mediese kodes het deur die eeue 'n rol in die geneeskunde gespeel. Baie dokters en verpleegsters het reeds in die tyd voor Christus, na hul studies 'n belofte afgelê waarin hulle hul tot sekere gedragsreëls in die beroep verbind het. Die negende gebod vra dat ons in alle handelinge die waarheid moet liefhê, opreg spreek en bely. Dit is natuurlik ook die geval in die professionele gedragsreëls van 'n beroep, veral met die aflê van 'n belofte vir sover ons daarmee as christene kan instem.

Verskeie mediese-etiese kodes in die geneeskunde stem dikwels breedweg ooreen met die wette van die Here; veral wanneer dit gaan om respek vir die lewe wat die Here gemaak het. Gewoonlik word die natuureg as uitgangspunt gebruik. Die Hippokratiese eed (ongeveer 400 jaar voor Christus) is seker die bekendste. Ander, soos die 1947 kode van Neurenberg, die 1948/1968 deklarasie van Geneve, die 1964 deklarasie van Helsinki, die 1970 deklarasie van Oslo en die 1975 deklarasie van Tokyo, is nog voorbeelde.

Daar word oor die algemeen verkeerdlik aanvaar dat dokters vandag, voordat hulle begin praktiseer, die eed van Hippokrates aflê; 'n eed waarin daar verskeie beloftes ten opsigte van die uitvoering van die toekomstige arts se werk gemaak word. Dit is insiggewend om te weet dat hierdie eed in byna geen mediese skool meer afgelê word nie. Sommige mediese skole het 'n afgewaterde vorm van die eed behou, naamlik 'n belofte wat tydens die gradeplegtigheid 'afgelê' word.

'n Interessante feit is dat die Hippokratiese eed geensins algemeen aanvaar is in die tyd van Hippokrates nie. Trouens dit was maar 'n paar artse wat die eed aanvaar het. Eers in die tyd van die Renaissance het die eed groot byval gevind; waarskynlik omdat daar heelwat raakpunte met die christelike denk- en handelwyse bestaan.

Die Hippokratiese eed lui soos volg:

"Ek sweer by Apollo, die Geneesheer, by Asklepios, by Hygieia, by Panacea en alle gode en godinne, as getuies, om na my vermoë en oordeel hierdie eed en verbintenisse uit te voer:

Dat ek hom wat my die geneeskuns geleer het, gelyk sal stel met my ouers, my huis en goed met hom sal deel, hom op sy wens in sy nood sal tegemoetkom, sy kinders dieselfde agting sal gee as my broers, aan hulle en my eie seuns as hulle die onderrig begeer, hierdie kuns sal aanleer sonder beloning of skuldbewys en hulle aan 'n deel van voorskrifte, lesings en enige ander onderrig sal laat deelneem, benewens die leerlinge wat hulle aangesluit het en gebonde is aan die mediese wet. Niemand anders egter nie.

Die geneeskundige handeling sal ek aanwend tot nut van die sieke na my vermoë en oordeel, en van hulle weerhou wat tot hul verderf of letsel sal wees. Ek sal aan niemand, ook nie op sy versoek nie, 'n dodelike geneesmiddel toedien nie, nog my leen tot enige advies van hierdie aard nie, ewemin sal 'n vrou 'n pessarium vir 'n miskraam van my bekom. Want rein en vroom sal ek my lewe lei en my kuns uitoefen.

Ek sal geen insnyding doen, sekerlik nie hulle wat aan 'n steen lei, maar sal hulle na deskundiges van die operasie verwys. Waar ek 'n woning betree, sal ek dit doen in die

belang van die sieke, my onthou van enige moedswillige verkeerde handeling, in die besonder van seksuele omgang met vroue en manne, hetsy slawe of vrymense.

Alles wat ek tydens die behandeling sal sien of hoor, of ook buite die praktyk oor die lewe van mense, vir sover dit glad nie rondvertel mag word nie, sal ek stilbly, en daarvan uitgaan dat sulke dinge geheim is.

Mag in sover ek hierdie eed vervul en nie breek nie, met my goedgaan in lewe en geneeskuns en mag ek by alle mense te alle tye eervol bekend staan, by oortreding egter en meineed mag die teendeel my lot wees. (vry vertaal uit: Mediese etiek en gedragsleer, uitgawe KNMG 1959, p 296).

Enkele hoofelemente van die eed is die volgende:

1. Die houding ten opsigte van die leermeesters: Die student mag nie in kompetisie staan met die leermeester ten opsigte van die werf van pasiënte nie.
2. Verwysingsplig: In die geval waar spesifieke kundigheid en bevoegdheid nodig is wat die dokter nie self het nie, moet hy die pasiënt verwys.
3. Die dokter mag nie deelneem aan moedswillige verkeerde handelinge nie.
4. Die dokter mag geen misbruik maak van sy posisie as dokter ten aansien van pasiënte nie (veral nie seksueel nie).
5. Die dokter mag nie 'n dodelike middel toedien of 'n pessarium voorsien om 'n miskraam te bewerkstellig nie.

Laasgenoemde word veelal beskou as 'n bewys dat geen aborties en eutanase deur dokters in die tyd van Hippokrates gedoen is nie. Dit is egter nie waar nie. Daar is genoeg getuies dat beide abortie en eutanase in die Griekse wêreld wyd gepraktiseer is. Sommige meen dat hierdie bepaling in die eed opgeneem is om die goeie naam van die dokter te beskerm deur nie met die dood geassosieer te word nie.

Daar is goeie bewyse dat die onderhouding van die Hippokratiese eed in die Griekse tyd nie op morele grondslag berus het nie, maar 'n beter reputasie aan die dokter sou verleen wat sy vermoë om pasiënte te werf sou vergroot.

Tog maak dit die eed nie totaal waardeloos nie; daar is in elk geval breedweg verskeie raakpunte met christelike norme. 'n Aantal dokters in die Griekse wêreld het hulle van sekere handelinge soos abortie en eutanase onthou. Kritiek op die genoemde bepaling in die Hippokratiese eed het veral gekom uit die hoek van diegene wat nie die norme wat al jare lank deur medici gehandhaaf word, aanvaar nie.

'n Voorbeeld van 'n geneeskundige kode uit die tyd van

die Reformasie is dié van Thomas Sydenham (1624-1689). Dit illustreer op treffende wyse sekere verskille met die Hippokratiese eed. "Elkeen wat die geneeskundige beroep kies moet die volgende ernstig oorweeg. Eerstens sal hy/sy verantwoording moet aflê teenoor die Opperregter ten opsigte van die lot van die siekes wat aan sy sorg toevertrou is. Tweedens, sal hy/sy in nederigheid (al beskik hy/sy oor baie kennis en wysheid) bewus moet bly van die majesteit van die Heer en sal moet streef na die welsyn van die mensheid. Derdens sal hy/sy steeds bewus moet wees dat 'n pasiënt wat aan sy sorg toevertrou is, nooit 'n veragtelike individu is nie, maar deel is van die menslike geslag, waarvoor God se Seun mens geword het en op die aarde gewoon het."

Opmerkbare verskille is die klem op die verantwoordelikheid van die dokter teenoor die Here in die eed van Sydenham, asook die afhanklikheid van die Here en die nederige posisie van die dokter in die uitoefening van sy beroep.

Die eed van Hippokrates is baie konkreet ten opsigte van die beroepsgeheim. 'n Swygplicht word opgelê oor inligting rakende die pasiënt. 'n Moderne weergawe van hierdie deel van die Hippokratiese eed word as volg verwoord in die belofte van mediese graduandi aan die Universiteit van die Vrystaat: "To carefully protect all confidential information about my patients."

Interessant is die bevinding dat hierdie belofte beslis nie altyd in die Griekse wêreld gehandhaaf is nie. Ons weet byvoorbeeld van 'n inskrywing op 'n kleitablet deur 'n arts wat soos volg lui: "In Thasos a woman of gloomy temperament, after a grief with a reason for it, without taking to bed lost sleep and appetite, and suffered thirst and nausea. She lived near the place of Pylades on the plain ..." (Corpus Hippocraticum, Epid. 3 case 12, pp 276).

Dit bly steeds 'n vraag hoeveel inligting 'n dokter aan 'n derde party bekend kan maak ten bate van die pasiënt, en wanneer swye wel noodsaaklik is. Moet 'n dokter 'n meisie se ouers in kennis stel as sy swanger is, 'n seksueel oordraagbare siekte het, of kontrasepsie gebruik of vra? Wat sê die Skrif hieroor? Tot waar strek vertroulikheid? Moet die dokter die polisie of die beplande slagoffer of beide inlig indien sy pasiënt beplan om iemand dood te maak? Moet die arts sy pasiënt se verloofde inlig indien die pasiënt homoseksueel is?

Die antwoord is in kort: Ja. 'n Swanger en losbandige tiener benodig hulp en haar ouers is verantwoordelik om haar daardie hulp te gee. Die naaste van 'n pasiënt moet beskerm word teen die wetteloosheid van daardie pasiënt. Jou pasiënt se verloofde het reg op inligting wat 'n enorme belangrike besluit in hulle lewens kan bepaal.

Die Skrif stel 'n perk aan vertroulikheid. Dit verwerp skinder; dit sluit in om iemand se probleme met mense te bespreek wat nie kan help nie (Spreuke 18:8; 26:18-28). Die Skrif waarsku verder teen praterigheid (Spreuke 10:19; 29:20; Prediker 5:2 ev; 10:14). Die Skrif spreek ook in die algemeen oor die hou van 'n geheim (Spreuke 11:13). Vertroulikheid is volgens die Skrif egter nie absoluut nie. As ek hoor dat iemand iets teen my het, moet ek na die persoon gaan en my met hom of haar versoen (Matteus 5:23 ev). Wanneer ek gevra word om wetlike getuienis te gee, moet die waarheid vertel word (Exodus 23:2 ev). Daar is 'n tyd vir stilbly en 'n tyd vir praat (Prediker 3:7). Die laaste word slegs gedoen om op te bou en om 'n


sinvolle bydrae in God se koninkryk te maak (1 Korintiërs 14:26, Efesiërs 4:29).

Pasiënte kan ingelig word dat die dokter geen onvoorwaardelike belofte van vertroulikheid kan gee nie. Hy sal inligting vertroulik hanteer so ver as sy gewete dit toelaat. Die Skrif waarsku teen onnodige en oorhaastige ede. 'n Onvoorwaardelike belofte van vertroulikheid is oorhaastig en onnodig.

'n Argument kan aangevoer word dat met so 'n voorwaardelike vertroulikheid minder mense vrymoedig van mediese dienste gebruik sal maak en gevolglik groter skade sal berokken. Dit is niks minder as 'n utilitaristiese argument nie¹. Die grootste geluk vir die grootste aantal staan hier in die middelpunt. In elk geval moet God se wet wat ons beveel om goed te doen, voorkeur kry bo hierdie argument. Dit sal jammer wees as sommige mense mediese behandeling verwerp uit vrees dat hul sondes aan die lig sal kom. Vir ander sal dit deel van die prys wees om vir ongehoorsaamheid aan God se wet te betaal.

Uiteraard is onvoorwaardelike vertroulikheid dikwels die heersende hedendaagse wetlike beginsel. Hierdie beginsel hoef ons ook nie te verbreek nie tensy die gewete (en daarom God se wet) dit vereis. Om konflikte oor vertroulikheid te verminder is dit wys om - voordat 'n pasiënt met 'n mediese sensitiewe probleem behandel word - eers die pasiënt se toestemming te verkry dat die dokter vry is om Bybelse beginsels oor vertroulikheid te volg. As 'n mens die Hippokratiese eed mooi lees, is dit duidelik dat die plig tot vertroulikheid nie absoluut is nie. Tog is die eed nie heeltemal duidelik oor die arts se rol in bespreking van inligting met 'n derde party wat vir die opbou en genesing van sy pasiënt noodsaaklik is nie. Daarin is die negende gebod duideliker: 'my pasiënte se eer en goeie naam moet ek na my vermoë verdedig en bevorder'.

1 Frame JM. Medical ethics. Principles, Persons and Problems. Phillipsburg: Presbyterian and Reformed Publishing Company. 1988, p 45-46



FOLMER BOEKHANDEL

19e laan 283, 0186 Villieria
Tel 012 329 0031, Faks 012 329 5927
Posbus 11607, 0121 Queenswood
E-Mail: iti03960@mweb.co.za

Uitgewery Die Boekuitgewers in Pretoria het die volgende boek gepubliseer:

TWAALF MAAL GESEËND, preke oor Genesis 49 Ds GJ Meijer

Jakob se seëninge vir sy twaalf seuns is stuk vir stuk profesieë wat in Christus hulle vervulling vind en op die kerk van Jesus Christus besondere betrekking het. By die aanhoor van die seëninge kom 'n mens diep onder die indruk van die profetiese vergesig waarmee die Gees van God die sterwende aartsvader, Jakob, begenadig het. Elke woord wat Jakob op sy sterfbed uitspreek, wys op die HERE se ryke verbondsgenade, sy dwingende verbondseise, en onlosmaaklik daaraan verbind, sy regverdige verbondsoordele. Die toepaslikheid van die seëninge op ons kerk-wees in die 21ste eeu is onmiskenbaar, duidelik en op die man af.

107 bl - R49.00

Die Afrikaanse Ou Vertaling gratis beskikbaar

Dr AH Bogaards, Daniëlskuil

Beskikbaar vir gebruik onder Theophilos

Tot ongeveer twee maande gelede was die 1953-vertaling nie beskikbaar in Theophilos-formaat nie. Nou mag dit egter - met toestemming van die Bybelgenootskap - **gratis** in hierdie formaat versprei word.

Al voorwaarde wat die Bybelgenootskap stel, is dat die volgende kennisgewing op my tuisblad en CD aangebring moet word:

“Hierdie Bybel is goedgegunstiglik deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika beskikbaar gestel vir gebruik en gratis verspreiding onder die Bybelprogram Theophilos. Om ’n bydrae vir die verspreiding van bekostigbare Bybels in Suid-Afrika te maak, klik: <http://www.biblesociety.co.za/bydraes.htm>”.

Die 1953-vertaling kan nou afgelaai word by die volgende adres: <http://home.spg.co.za/bogaards/theophil.htm>.

U moet wel onthou dat u eers die program Theophilos moet aflaai en installeer, voordat u die Afrikaanse vertaling

(en al die dat- lêers onder <http://home.spg.co.za/bogaards/theophil.htm>) kan gebruik. Die nuutste weergawe van Theophilos (weergawe 3.1.4) kan afgelaai word by <http://www.theophilos.sk/>.

Erkenning aan Online Bible en dr A van Wyngaard

Ek wil ook graag erkenning gee aan dr Arnau van Wyngaard van Online Bible in Suid-Afrika. Hy het die 1953-vertaling al ’n paar jaar gelede self afgetas. Hierdie teks is deur hom aan Ivan Jurik van Theophilos gestuur. Gaan besoek gerus die tuisblad van dr Van Wyngaard by <http://www.cmn.co.za/cd-bible/index.htm>.

Beskikbaar ook by e-Sword en SwordProject

Ook die gratis Bybelprogramme e-Sword (<http://www.e-sword.net/>) en Swordproject (<http://www.crosswire.org/sword/index.jsp>) het nou die Ou Afrikaanse Vertaling.

PERSSKOU

Ds GJ Meijer, Wonderboompoort

Kerkskeuring

Elders in hierdie uitgawe verskyn ’n artikel van dr Attie Bogaards, getiteld ‘Pinkster, die Psalms en Christus’. Dié artikel is onlangs ook elektronies op die webwerf van die GKSA versprei. Die reaksie daarop was (en is nog steeds) oorweldigend.

Prof Fika J van Rensburg het soos volg gereageer:

Attie

Jou e-pos ‘Pinkster, die Psalms en Christus’ verwys:

Oorweeg of jy jou nie hiermee skuldig maak aan kerk-skeuring nie.

Ek (en baie ander) was getuie dat al hierdie argumente van jou gehoor is, sowel voor die sinode 2003 se kommissie wat oor die Psalms gehandel het, as in die sinode self. Die kerke in sinode het jou volledig gehoor, jou argumente geweeg, en verwerp.

Natuurlik mag jy jou standpunt bly behou. Maar dan is daar ’n kerklike weg van beswaar. Oorweeg of jou huidige werkmethode jou nie aan ’n klag van skeurmakery blootstel nie. Die deputate wat die reëlings vir 8 Junie en 26 Oktober getref het, voer ’n opdrag van die sinode uit. Jy maak hulle verdag, en dus al die kerke wat saam op hierdie weg besluit het.

Ek mis die vrug van die Gees in jou optrede: jy eindig jou brief met ‘deur Christus alleen’. Oorweeg of die vermetele trant van jou brief, asof jy die waarheid in pag het en die kerke wat saam in vergadering was doelbewus dwaal, nie hierdie belydenis weerspreek nie.

Met ’n versoek tot biddende nadenke oor jou optrede, of dit Christus en sy kerk tot eer strek.

Fika

Prof van Rensburg se reaksie het heelwat rimpelinge veroorsaak. Talle skrywers het tot die debat toegetree. Sommige spreek die versugting uit dat daar liewers ’n einde gemaak moet word aan die onnodige gekibbel oor van alles en nog wat, terwyl daar soveel werk in God se kerk en koninkryk wag.

Dit is egter tog van belang om prof Van Rensburg se reaksie te weeg en oorweeg. Wanneer ’n broeder sy medebroeder versoek om dit te oorweeg of hy hom aan kerk-skeuring skuldig maak, is dit immers geen ligtelike saak nie. As die gronde vir skeuring, naamlik verdagmakery, vermetelheid, voorgee dat iemand die waarheid in pag het, gemis aan vrug van die Gees, waar is, moet die skrywer van die artikel hom ernstig bekeer. Volharding in sulke en dergelike sondes lei onvermydelik tot tug en algehele afsetting uit die amp (vergelyk artikel 79 en 80 KO).

Die vermeende onreg waarvan dr Bogaards aangekla word, het egter ook ’n ander kant. Die klaer (prof Van Rensburg) moet absoluut seker maak van sy klag. In verband met laasgenoemde het prof JH van Wyk in *Die Kerkblad* van April 2003 ’n lys van sewe spelreëls vir opbouende debatvoering deurgegee. In ’n vorige uitgawe van *Waarheid en Dwaling* is die sewe reëls uit *Die Kerkblad* oorgeneem met die bede dat dit daadwerklik in praktyk toegepas sal word.

Om die geheue te verfris word die sewe ‘goue reëls’ kortliks herhaal:

- Een: Die Skrif as norm (2 Timoteus 3:15-17)
- Twee: Onderskei die dinge waarop dit werklik aankom (Filippense 1:10 en Romeine 2:18)

- Drie: *Debatteer sover moontlik saaklik en nie persoonlik nie*
- Vier: *Luister altyd aandagtig, ook na die ander kant van die saak*
- Vyf: *Wees altyd bewus van die beperktheid van alle menslike kennis*
- Ses: *Volg die reëls vir goeie logika*
- Sewe: *Die doel van ons debatte behoort altyd gerig te wees op geloofsopbou, kerkgroei en koninkryksdiens*

Dit sal onbillik wees om prof Van Rensburg se reaksie stuk-stuk aan die sewe reëls te meet. Die reaksie was kort en kragtig, en nie as lywige dokument bedoel nie. Desnieteenstaande moet daar, in die lig van die sewe goue reëls, en in ag genome die erns van die saak, op sekere punte gefokus word:

- Indien iemand van skeurmakery in die kerke beskuldig word, moet daar duidelike Skrifuitsprake wees op grond waarvan die beskuldiging gemaak word (vergelyk reël een). Skrifgronde ontbreek ten ene male in prof Van Rensburg se reaksie.
- Onderskei die dinge waarop dit werklik aankom (reël twee). Dr Bogaards toon aan hoe Christus uit die Psalmomdigting 'verwyder' is. Dit is waarop sy betoog aankom. Hierop word nie gereageer nie.
- Persoonlike opmerkings soos 'die kerke in sinode het jou

volledig gehoor, jou argumente geweeg, en verwerp' en 'natuurlik mag jy jou standpunt bly behou' is onvanpas (vergelyk reël 3). In die kerk van Jesus Christus gaan dit oor baie meer as die standpunt van 'n individu. Almal word geroep om voor die Woord van die Here te buig. Dit word onhoudbaar as elkeen maar sy/haar eie standpunt oor sake bly behou.

- Dit word gestel dat daar tydens die sinode-sitting self en ook tydens kommissie-gesprekke wat by die sinode gevoer is, na al die argumente teen die nuwe omdigting geluister is (in ooreenstemming met reël 4). Die vraag is: hoe is daardie argumente geweeg? Wat is daarmee gedoen?
- Bewustheid van menslike beperktheid kan nie genoeg onderstreep word nie (reël 5). Ook wanneer iemand opgeroep word om te 'oorweeg of die vermetele trant van jou brief, asof jy die waarheid in pag het en die kerke wat saam in vergadering was doelbewus dwaal', moet die een wat die oproep laat hoor sy eie beperkinge erken.
- Ten laaste: die doel van enige vermaning is 'geloofsopbou, kerkgroei en koninkryksdiens' (reël 7). Maar dan moet die hoe en die wat van die oproep tot bekering suiwer wees.

Saamgevat wil dit voorkom of die gesprek op 'n heel ander manier behoort te verloop. Langs hierdie weg strek die debat beslis nie tot eer van God en tot opbloei van die kerke nie.

Cloete aan die woord

Prof TT Cloete het in 'n brief aan Beeld (Maandag 16 Junie 2003) verduidelik hoe hy die hele kwessie rondom die 'ontmessianisering' van die Psalms sien:

In Beeld van 12 Junie het 'n berig verskyn oor die Messiaanse vertolking van die Psalms. Ook ander berigte oor dieselfde saak het in die afgelope tyd in die pers verskyn.

Ek wil nie redeneer oor die Messiaanse vertolking van die Psalms as sodanig nie.

Ter wille van die lesers wil ek egter iets sê oor die sogenaamde 'weggedigte' Messias in die Psalms wat opgeneem is in die nuwe Liedboek van die Kerke van 2001.

As die Messias 'weggedig' is uit hierdie omdigtings van die Psalms, dan is die Messias reeds so ver terug as 1983 'wegvertaal' of 'uitvertaal' uit die Psalms wat opgeneem is in die nuwe Afrikaanse Bybel.

Maklike gevalle om dit vinnig te toets, is Ps. 2 en 110. Ek kan my nie herinner dat daar destyds dieselfde besware teen die Psalms in die nuwe Afrikaanse Bybel-vertaling gewaag is nie.

As die Psalms in die Liedboek afgewys word, moet die Psalms in die nuwe Afrikaanse vertaling van Die Bybel egter ook afgewys word.

En dan moet 'n ander nuwere en pragtige Afrikaanse omdigting van die Psalms, dié van Bonaventura Hinwood (Psalms en Lofgesange, 1993), asook die nuwere Nederlandse 150 Psalmen (sedert 1961) saam met talle ander nuwere berymings in ander tale afgewys word.

Die nuwe vertaling van Ida Gerhardt en Marie van der Zeyde (De Psalmen. Uit Het Hebreeuws Vertaald, 1994) en

talle ander nuwere vertalings in ander tale en nuwere kommentare moet dan ook verwerp word. Nogal 'n drag.

Ten slotte: die nuwe omdigtings van die Psalms in die Liedboek is nie die nuk van een of van 'n paar digters nie, dit is werk wat in opdrag gedoen is onder knap leiding en buitengewoon streng toesig van 'n groot aantal teoloë van die NG, Hervormde en Gereformeerde Kerke.

Hul name staan in die Liedboek.

Dit is jammer dat prof Cloete nie op hoogte is van die probleme insake die vertaling van Godsdname in die Ou Testament nie. Vele sinodes het oor dié probleem geworstel. In die GKSA is daar nooit vrede gemaak met die swak vertaling van die HERE se Verbondsnaam nie (sien onder andere Acta 1988 p 716-717). Met die omdigting van die Psalms moes prof Cloete ten minste vanuit gereformeerde geleedere op hoogte van die GKSA se standpunt gebring word.

Dat prof Cloete na ander psalmomdigtings en Bybelvertalings verwys wat die Messias 'wegdig' of 'wegvertaal', en dit dan as skans gebruik waaragter hy met sy omdigtingswerk skuil, hou geen water nie. As 'n klomp mense iets verkeerd doen, gee dit my nog nie die reg om 'n ding ook verkeerd te doen nie. Nog minder onthef dit my van skuld. Dat daar baie vrye Bybelvertalings en moderne liedere-omdigtings in omloop is, is 'n gegewe. Dit mag egter nie die verwysingsraamwerk wees waaraan ons die liedere wat ons in die kerk sing meet nie. Die maatstaf vir suiwerheid van die berymde kerklied lê in die Woord van God self - nie in die hoeveelheid of skoonheid van mensewoorde nie.